
## TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Ons het ‘n baie geslaagde terugvoersessie met al ons produsente gehad waar ons in die bevoorregte posisie was om oor ‘n uiters suksesvolle 2025 te gesels.  Pryse op klas 1 was gemiddeld 15% hoër is in 2024 en prosessering 19% op.  Ten spyte daarvan dat ons totale volumes hoër was as laasjaar, is ons ongeveer 20% af op oesskatting.  Hoofsaaklik weens vruggroote.  Waar die piek laasjaar by telling 8 was, was dit die afgelope seisoen by telling 10 en 12.  En ook heelwat meer telling 14.




Twee van ons buitelandse kliënte was ook teenwoordig en beide se boodskap was dat hulle meer vrugte wil hê.  Daar is nog baie plek in die mark.  Dit was ook baie interessant om te hoor hoe die gebruik van granate in die verskillende marksegmente verskil.

Die meeste boorde is nog besig om te blom.  Set is alreeds oor die algemeen goed.  Die enigste probleem wat redelik algemeen waargeneem word, is die teenwoordigheid van blaaspootjie.  Skade aan die jong blare en jong vrugte is sigbaar.  Op die stadium merk ons nog nie enige witluis of FCM op nie.  Onthou egter: voorkoming is beter as beheer!

Op die stadium is dit nog baie moeilik om uitsprake oor die markte te maak.  Die volumes wat Spanje, Italië en veral Turkye produseer, en soms oordra na Februarie en Maart, speel ‘n groot rol.  Dit sal in die volgende maand of twee duideliker wees.

Groete.

Sapex Span.